

30 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-24

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:22

HK, Vraag 89

Die ou mens sterf!

Ouderdom takel 'n mens af. Dit tap jou energie en lei uiteindelik tot sterwe. In die geestelike sin is ons "ou mens" net so deur die sonde in die lewe verwoes en verniel as wat ouderdom ons liggaam aftakel. Sondige begeertes verteer die ou sondige mens.

Om hierdie sondige mens dood te maak moet ek hartlik berou hê. Dit gaan dus om 'n diepe droefheid daarvoor dat ek God se gebooie geminag het en dat ek nie na God geluister het nie, dat ek sy Naam oneer aangedoen het. Dit hou in dat ek besef dat my sondes alleen in Christus vergewe word. Dawid sê (2 Sam 12:13): "Ek het gesondig teen die Here." Hy sê ook in Psalm 32:3: "Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het."

Afsterwing van die ou mens hou verder in dat ek die sonde haat en dat ek huilend sal stry teen die sonde. Ek vermy dus mense, plekke en omstandighede waar ek weet die sonde lê en loer. Ek vlug weg – stry ten bloede toe daarteen. Ek weet God se eer is op die spel en daarom is dit belangriker om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense, soos Christus tot in die dood toe aan Sy Vader gehoorsaam was.

Bid dat die Here jou deur sy Gees die krag sal gee om so staande te bly.

Ds. W Vogel (Cachet)

~~~~~